# 3 Augustus 2023 - Lesing 90 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Wie My voor die wêreld bely – 28/11/58

**NO: 7216** Wie skroom om My voor die wêreld te bely, is nog nie met My Gees vervul nie, **hy is slegs 'n leë houer, 'n dooie vorm sonder gees en lewe**, want wie lewe, sal My herken en My ook teenoor sy medemens bely. **En julle sal ook in staat wees om die vorm-christene daaraan te herken**, dat hulle angsvallig vermy om My Naam uit te spreek, dat hulle nie praat oor My en My verlossingswerk nie, dat hulle hulself maar selde met geestelike gesprekke inlaat en dan ook maar net met ongemaklikheid.

En julle sal hulle as "**dooie" aanhangers** herken. Want waar My Gees werksaam kan wees, word My Naam ook met die grootste blymoedigheid bely en word die mens van binne-af gedring om My te bely voor die wêreld.

En wanneer julle nou daarop sal let hoe weinig "Christelik" die mense hulleself gedra, hoe hulle alles probeer ontwyk wat met geloof of christendom saamhang - hetsy kerke of ander verkondiging van die woord, - wanneer julle daarop let hoe alles met geheimsinnigheid omhul word, hoe die mense in 'n geselskap skroom om 'n tema aan te voer wat oor God, oor JaHshua Messias, oor die geestelike ryk of oor die opdrag van die mense op aarde handel, dan is dit ook maklik te raai wat die keuse van die mense eendag sal wees, **wanneer daar van hulle geëis gaan word om te getuig vir of teen My**, Wie die wêreld verlos het van sonde en dood.

Dan sal daar slegs weinig uit volle oortuiging vir My en My Naam opkom.

Maar die meeste sal hulleself inhou, miskien is hulle in hul hart nog nie heeltemal losgemaak (van die wêreld) nie, maar hulle besit geen geloofskrag om ook die gevolge van 'n werklike bekentenis op hulleself te neem nie.

**Daar sal maar weinig wees wat kan standhou** teen die benouenisse wat die werk van My teenstander sal wees kort voor die einde. Dan sal dus gesien word wie verlos is van sonde en dood. Want slegs hulle sal My Naam hardop in die openbaar bely, slegs hulle sal die krag oplewer om te weerstaan, wanneer hulle opge-roep sal word om My te verloën. Slegs die lewende geloof sal vir die mens hierdie krag oplewer. Slegs die lewende geloof verseker die werksaamheid van My Gees in die mens en dus ook 'n vaste vertroue op My bystand gedurende die tyd van die einde. En dit sal die **tyd wees waarin die geeste van mekaar geskei sal word**, waarin dit duidelik sigbaar sal wees wie tot die van Myne behoort en wil behoort en wie se christendom tot nou toe slegs "vorm(godsdiens)" was.

Dan sal dit nie voldoende wees om 'n aanhanger van hierdie of daardie geloofsrigting te wees nie, maar moet **die mens My Self in Jesus Christus aanhang**. Hy moet so lewend met My verbonde wees dat hy nie anders sal kan as om My Naam luid te verkondig as die van sy God en Verlosser nie.

En dan sal hy ook deur My aangeneem word, Ek sal hom ook bely in die ryk van die lig, Ek sal My belofte vervul: "Wie My bely voor die wêreld, hom sal Ek ook voor My Vader bely." Want hulle het My self erken in JaHshua Messias en My Gees sal in alle volheid in hulle wees.

**Maar wee diegene wat My gaan verloën**.

Hulle behoort nog tot die aanhangers van My teenstander en sal weer 'n eindelose lang tyd by hom bly. Maar hulle was op hoogte daarvan dat Ek die erkenning van My Naam verlang. Hulle was nie onwetend nie en moet hulle daarom ook verantwoord op die dag van die oordeel. **Dan sal Ek dus kom om die "lewende" en die "dode" te oordeel**.

Begryp hierdie woorde: Die lewe kom slegs voort uit My en wie van My is, sal lewe. Maar hulle wat hulleself van My afkeer sal aan hul einde kom, deurdat hulle My verloën het wanneer die laaste beslissing van hulle geëis sal word.

**En hul aantal sal groot wees en klein sal My kudde wees wat Ek binnelei in geluksaligheid in**. Amein